

DIE UNIEKE ROOIBOS-SAAD




1. Die Rooibos plant

DIE ROOIBOS PLANT

(*Aspalathus linearis*) is 'n peuldraende struik wat eie is aan die Cederberge in die omgewing van Clanwilliam en inheems is tot die Wes-Kaap van Suid-Afrika. Dit vorm deel van die Kaapse Blommeryk wat algemeen as fynbos bekend staan. Rooibos is 'n lid van die Fabaceae-familie – 'n genus met meer as 200 spesies.

In Oktober is die plant oortrek met fyn geel blommetjies. Elke blommetjie produseer een klein peul wat 'n enkele baie klein niertjie-vormige liggeel-pienk saadjie met 'n hardskallige dop bevat.



2. Die bymeekaarmaak van saadjies

DIE KLEIN ROOIBOS SAAD is baie moeilik om bymeekaar te maak omdat dit versprei sodra die peul oopbreek. Die eerste saadjie-soekers het hulle een vir een met 'n klam vuurhoutjiesokkie opgetel.

As gevolg van die moeite betrokke by die bymeekaarmaak van saad, het die prys daarvan in die vroeë 1900's skerp gestyg tot £85 per pond, of '£5 vir 'n plat vuurhoutjiesokkie vol saad' (sowat R7 000 in vandag se geld).

Een deurbraak het in die vorm van 'n klein insek gekom. Op die plaas van Olof Bergh het twee van sy werkers – Tryntjie Swarts en haar man Hans – agtergekom dat sekere miere die saadjies bymeekaarmaak en na hul neste toe neem. Hulle

ontdek toe hope saad in die mierneste.

Ander onverwagse bronne is ook gevind. Piet van Rhyne, wat in die Nardouwsberg-omgewing gewoon het, het graag kelkiewyn-patryse (Namaqua sandgrouse) in sy buurman se plantasies geskiet. Van Rhyne het die voëls se krop oopgesny om die saadjies uit te haal wat hulle gevreet het en dit aan die Nardouwsberg-boere verkoop.

Soos die saad meer gereedelik beskikbaar geword het, het al meer boere begin om Rooibos te kweek op reeds bewerkte lande op die hoërliggende bergplato's.

Vandag word die grond rondom die struik gesif en uitgewas om die saadjies vir

die nuwe saadbeddings in te samel, sodat die volgende generasie Rooibos plante gekweek kan word.



3. Die 'raaisel van ontkieming'

IN DIE MIDDEL VAN DIE 1920'S was die vraag na Rooibos groter as die aantal struik in die Cederberge. Dit was tyd vir nuwe verbouings- en oestegnieke. Rooibos moes as 'n landbougewas hanteer word.

Dr Pieter Le Fras Nortier – die plaaslike dokter and magistraat, botanis, Oxford Rhodes-beurshouer en eienaar van die plaas Klein Kliphuis, bespreek toe die moontlikheid van die verbouing van Rooibos in plantasies met die entrepreneur en Rooibos-bemarker Benjamin Ginsberg, asook die boer Olof Bergh. Die model wat hulle ondersoek het, was gebaseer op die groot plantasies swart tee wat in die middel van die 19de eeu deur die Britte in Indië aangeplant is – na


aanleiding van die tradisie van die suikerrietplantasies in die Karibiese Eilande. Nortier begin toe om die saadjies van die superieure Rooibos plant, genaamd 'Rooi', wat in die Pakhuis- en Grootkloofberge groei, bymekaar te maak.

Die volgende stap was om aandag te skenk aan die uiters lae ontkieming van die saadjies of, soos Ginsberg dit genoem het, om 'die raaisel van ontkieming' op te los. Nortier, wat waarskynlik die ou Mediterreense ontkiemingstegnieke vir hardedopsaad gebruik het, het die buitenste omhulsel van die klein saadjies geskraap en hulle in saadbeddings uitgeplant. Die eksperiment was suksesvol en Nortier het uiteindelik daarin geslaag om 80 sakke tee op Klein Kliphuis te oes. Saailinge is ook op

Bergh se plaas Varkenfontein en by Klein Kliphuis uitgeplant waar Nortier begin het om Rooibos in plantasies uit te plant.

Nortier, wat as die 'vader van die Rooibos-bedryf' beskou word, het 'n eredoktorsgraad van sy alma mater, Victoria College (vandag die Universiteit Stellenbosch) vir sy navorsing oor tee en ander landbouvraagstukke ontvang.

Vandag word 'n gemiddeld van 16 000 metrieke ton Rooibos per jaar in Suid-Afrika verbou. Sowat 50% daarvan word na 60 lande oor die hele wêreld uitgevoer. En dit het alles by die beskeie klein Rooibos saadjie begin.



4. Van saad tot volwasse plant

1. Tweesaadlobbige saadjies met 'n harde dop
2. 4 tot 6 dae ná ontkieming verskyn 2 saadlobbe bo die grond
3. Die jong Rooibos-plant met sy ontwikkelende wortelstelsel ná 7 tot 8 maande
4. Die volwasse plant groei tot sowat 1,5 meter hoog oor 'n tydperk van 18 maande

